Laerskool Danie Malan
Tel: (012) 546-1358/1368
Faks: (012) 546-0705
Koos De La Reystraat 279
Posbus 16163
Pretoria-Noord 0116
www.daniemalan.co.za
E-pos: navrae@daniemalan.co.za

Tel: (012) 546-1358/1368
Fax: (012) 546-0705
279 Koos De La Rey Street
PO Box 16163
Pretoria North 0116
www.daniemalan.co.za
E-mail: navrae@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 13 – APRIL 2019

Geagte ouers

DATUMS VIR KWARTAAL 2 VAN 2019:

16 April	Junior Revue klankopname in skooltyd 18:30: Spellingbee Gr 6 en 7 (Intern) in Saal Netbal teen Rachel de Beer (tuis)
17 April	Kunshoekie begin vir Gr 3 en 4 Junior Revue klankopname in skooltyd **Leerstof aan leerders**
18 April	Kaskar en hindernisbaan. Skool kom 12:00 uit.
19 April	**GOEIE VRYDAG**
22 April	**VAKANSIEDAG**
23 April	18:30: Spelathon Gr 4 (Intern)
24 April	ELEVATE GR 4 JUNIOR TYDSBESTUUR 08:15 – 09:30 EN 10:00 – 11:15
25 April	18:30: Spelathon Gr 5 (Intern) Netbal teen Akasia (tuis) Rugby teen Midstream (weg)
27 April	**VRYHEIDSDAG**
29 April	Sokker tuis teen Generaal Nic Smit
30 April	18:30: Spelathon: Gr 6 (Intern)
01 Mei	**WERKERSDAG**
02 Mei	18:30: Spelathon Gr 7 (Intern) Rugby teen Tuine (tuis)
03 Mei	Koorfees Hoërskool Overkruin. Bus vertrek om 17:00 en sal 21:15 weer terug wees. Vind plaas by Vrye Gereformeerde Kerk, Rietfontein
04 Mei	Bulletjie Rugby by Voorpos Mini Netbaldag (O/6 – O/9) te Danie Malan
06 Mei	Rugby proewe Senior - & Junior Revue: Tshwana Youth festival oudisie tot 31 Mei Sokker weg teen Voortrekker Eeufees
07 Mei	Rugby finale proewe Koor – Pretoria Eisteddfod. Bus vertrek om 12:30 en sal 15:00 terug wees. Vind plaas by Laerskool Tygerpoort
08 Mei	**VAKANSIEDAG – STEMDAG**
09 Mei	Netbal teen Voortrekker Eeufees (weg) Rugby: Finale proewe
10 Mei	ATKV Redenaars: Semi Finaal Kunswedstryd inskrywings sluitingsdatum
11 Mei	Bulletjierugby by Midstream
13 Mei	Radikale Redenaars tot 7 Junie
14 Mei	**EKSAMEN BEGIN** **EKSAMEN: ENGELS VRAESTEL 1 MONDELING** Rugby teen Hermanstad (weg) Landloop: Vergadering by Distrik
15 Mei	**EKSAMEN: AFRIKAANS VRAESTEL 1 MONDELING** Interne Tafeltoertjies Gr 1 – 7 Skaakliga by Rachel de Beer

16 Mei	**EKSAMEN: AFRIKAANS VRAESTEL 2 KREATIEWE SKRYF** Netbal teen Tuine (tuis) Koor: ATKV Applous kompetisie. Bus vertrek om 15:30 en sal 18:00 terug wees. Vind plaas by NG-kerk, Skuilkrans.
17 Mei	**EKSAMEN: ENGELS VRAESTEL 3** Koor: ATKV Applous kompetisie
18 Mei	Bulletjie Rugby by Danie Malan Mini Netbal by Generaal Beyers (O/6 – O/9)
20 Mei	**EKSAMEN: GESKIEDENIS** ABE Bailey Tweetalige Redenaarsuitdunne tot 23 Mei
21 Mei	Rugby teen Die Poort (tuis)
22 Mei	**EKSAMEN: EBW Gr 7** Skaakliga by Rachel de Beer
23 Mei	**EKSAMEN: ENGELS VRAESTEL 2** Netbal teen Theresapark (tuis)
24 Mei	**EKSAMEN: AFRIKAANS VRAESTEL 3**
25 Mei	Bulletjie Rugby by Menlopark Mini Netbal by Pierneef (O/6 – O/9) (Einde van seisoen)
27 Mei	**EKSAMEN: NW/TEG + NW** Eisteddfod deelname tot 31 Mei (Laerskool Tuinrand) Netbal: Uitspeelwedstryde vir Stadskole O/11A – O/13A by Danie Malan
29 Mei	**EKSAMEN: GEOGRAFIE** Skaakliga by Rachel de Beer
30 Mei	**HEMELVAART. Geen sport**
31 Mei	**EKSAMEN: SK Gr 7** Netbal: Tshwane uitdunne by Midstream
01 Junie	Bulletjie Rugby by Woodhill
03 Junie	**EKSAMEN: WISKUNDE**
05 Junie	**EKSAMEN: TEGNOLOGIE Gr 7**
07 Junie	**EKSAMEN: PSW / LO** ABE Bailey Tweetalige Redenaars – Finaal Oppitong inskrywings sluitingsdatum
08 Junie	Bulletjiedag by Loftus
10 Junie	Graad R - 3 Rapporte aan ouers Kuns Eisteddfod inskrywings sluitingsdatum
11 Junie	17:30 – 19:00: Graad R - 3 Oueraand
14 Junie	**Markdag: Gr 6** **11:00: SKOOL SLUIT** Dra gewone klere en R5 of meer donasie gaan na behoeftige fonds
15 Junie	Kriekettoer: Innistad: 1 – 4 Julie

TOP 10 LEERDERS

Baie geluk aan die volgende leerders wat die Top 10 Akademiese presteerders in hul onderskeie grade is volgens die punte van kwartaal 1 in 2019.

GRAAD 4	%	GRAAD 5	%
1. Estiaan vd Heever	90.01	1. Rohan Louw	87.46
2. Mia Rynners	89.75	2. Dillon Uys	87.39
3. Barco Lombard	89.13	3. Divan du Preez	86.83
4. Michael de Villiers	88.84	4. Cheyenne Pieterse	86.31
5. Lineze Trollip	88.11	5. Marx du Plessis	86.07
6. Jayden Vermaak	88.00	6. Monré Koekemoer	85.87
7. Marco Botha	87.99	7. Ruvan Faure	85.65
8. Melissa Niemand	87.91	8. Leandri Botha	85.22
9. Duncan Nelson	87.77	9. Monique Vinson	84.93
10. Inge van Eeden	87.17	10. Liané Schutte	84.87
GRAAD 6	**%**	**GRAAD 7**	**%**
1. Aidin Dwyer	91.94	1. Juané Pretorius	91.12
2. Danique Viljoen	89.65	2. Bea-Mae Lombard	87.73
3. Crishelle Nieuwoudt	88.54	3. Nika vd Westhuizen	87.18
4. Petreen Mathibela	88.51	4. René van Emmenes	86.36
5. Wian vd Merwe	87.71	5. Lienka Groenewald	86.17
6. Beate Haarhoff	86.96	6. André Haarhoff	86.12
7. Emily-Anne Pienaar	85.90	7. Deuné Bosch	84.21

8. Davie-Jay Pieterse	85.72	8. Meghan Daneel	83.02
9. Ruan Olwagen	83.73	9. Oageng Makgatho	82.79
10. James Ashby	83.69	10. Feané Reis	82.16

Baie dankie vir jul harde werk! Ons is baie trots op julle!

KAALVOETDAG

Baie geluk aan die volgende leerders wat gewen het tydens die kaallvoetdag:

Intersenfase

Mooiste voete

- Famke du Toit en Bente Szluha

Oorsponklikste voete

- Dieter Coetzee

Lelikste voete

- Abigale Young

Grondslagfase

Mooiste voete

- Emke van Zyl

Oorspronklikste voete

- Tessa Vorster en Christiaan Vorster

Lelikste voete

- Sazi November en Jandré Vermeulen

Baie geluk julle! Baie dankie vir al die skenkings en al die moeite wat jul gedoen het om die voete te versier! Ons het 'n groot bakkievrag skoene ingesamel.

RUGBY

Die uitslae van die volgende wedstryde was as volg:
O/13 proewe wedstryd: DM wen 35 – 7 teen Voorpos
O/10: DM wen 22 – 0 teen Pretoria-Oos by Monument uitnodigingsdag.
Baie geluk julle dit is 'n goeie prestasie.

KOOP MY KASKAR

Leerders kan nog tot 18 April hul "koop my kaskar vorms" terug stuur skool toe en kan steeds as die volle bedrag betaal is vir die volgende 3 weke 'n prys trek op die verhoog.

KASKAR DONDERDAG 18 APRIL – SKOOL KOM 12:00 UIT

- Gr 1 - 3 Leerders moet 07:30 op die pawiljoen sit. **Skool verdaag 12:00 en nie 10:00 soos vroeër genoem**.
- Trek kaskarklere aan.
- Gr R - 3 wedren: 08:00 – 09:00
- Gr 4 - 7 wedren: 09:00 – 10:00
- Ouers van Gr R - 7 kan vanaf 06:30 die kuipe en kaskarre kom opmaak.
- Die snoepie sal verversings verkoop.
- Gedurende die oggend sal al die leerders geleentheid kry om die hindernisbaan ook te doen. Voltooi asb. die toestemmingsbrief.
- Voltooi asseblief die afskeurstrokie aan die einde van die omsendbrief en stuur dringend terug skool toe.

SKOOLFONDS

Dankie aan al die ouers wat getrou skoolfonds betaal. Dit help ons baie. Ons doen 'n beroep op al die ouers om hul skoolfonds te betaal om te verseker dat ons dieselfde gehalte onderrig kan bied.

HERWINNING:

Stuur asb. elke Dinsdag u blikkies en bottels na die skool vir ons Liewe Aarde herwinningsprojek.

60 blikkies is 1 kg 20 x 2 Liter bottels is 1 kg 38 x 500 ml bottels is 1 kg	⇨	die leerder kry 2 kanse om aan die gelukkige trekking deel te neem en 'n snoepie geskenkbewys ter waarde van R20 te wen per week
30 blikkies is 0.5 kg 10 x 2 liter bottels is 0.5 kg 19 x 500 ml bottels is 0.5 kg	⇨	die leerder kry 1 kans om aan die gelukkige trekking deel te neem en 'n snoepie geskenkbewys ter waarde van R20 te wen per week

Maak asseblief seker dat die bottels en blikkies lee gen uitgespoel is voor u dit bring.
Ons wil met die geld wat ons vir die projek insamel 3 van ons groot toilette oor teël sodat dit weer pragtig kan lyk vir ons leerders. Ons wil die leerders ook leer om hul omgewing te respekteer en om deur herwinning om te gee vir

hul planet Aarde. U kan ook u ander herwinbare materiaal soos papier na ons herwinningskwartiere bring in Koos de La Rey straat net bo die kantoor se ingang.

GRAAD 4 ASSISTENTE

Neem kennis dat die graad 4 assistente vanaf kwartaal 2 by vakke ingedeel is, en nie meer saam met 'n voogklas wissel nie. Ons wil hul graag as vakspesialiste oplei, sodat hul gespesialiseerde hulpverlening in 'n vak kan bied. In kwartaal 1 was hul fokus om die leerders te help met die aanpassing by graad 4 en om as voog vir hul op te tree. In kwartaal 2 is hul fokus gespesialiseerde hulpverlening. Ons glo dat dit die beste aanwending van ons graad 4 assistente is. Die vakke waar hul ingedeel is, is Afrikaans, Engels en Wiskunde.

D6 E-WALLET

Ons wil graag 'n kontantlose skool word. Ons moedig u aan om die E-Wallet op die D6 toepassing te gebruik. Stuur 'n epos aan willie@daniemalan.co.za indien u enige probleme met die D6 toepassing ondervind. Hy sal kyk hoe hy u kan help. Onthou dat u, u kind se akademiese vordering ook op die toepassing kan volg en ook al die beleide en omsendbriewe op die toepassing kan kry. Ons het nog te min ouers wat die E-wallet gebruik, daarom gaan ons die belonging verander – die leerder wie se ouers die E-wallet gebruik het sal in die week waarin dit gebruik is, 'n lekker beloning ontvang.

ONBEKENDE DEPOSITO'S

Die volgende elektroniese betalings ontvang, se verwysingsnommers is foutief en kan nie na die korrekte skoolrekening geallokeer word nie

Datum	Verwysing gebruik	Bedrag
2018-01-15	SHALE	R900.00
2018-02-08	Laerskool Dsnie Malan	R1 000.00
2018-03-26	1781 school fund	R1 000.00
2018-06-04	STTGPDXH	R50.00
2018-08-31	UP SALEISEUNUNIV VAN PRETORIA	R1 570.00
2018-11-28	Sunnyside Deposit No: laerskool danie mala	R1 100.00
2019-02-27	NASKOOL	R960.00
2019-03-25	NASKOOL	R960.00

Kontak asb. finansies om regstellings aan te bring.
Neem asseblief kennis: U moet u familiekode as verwysing gebruik. Indien u vir skoolfonds en naskool saam betaal, moet u saam met die familiekode 'n SK vir skoolgeld en NA vir naskool byvoeg. Indien u vir iets anders betaal behalwe skoolgeld moet u die familiekode en 'n addisionele verwysing soos Behoeftige fonds byvoeg.

MIDDELAFSTANDE OEFENING

Daar is elke Maandag tot Vrydag gratis middelafstand oefening by Hillside Gholfbaan van 17:00 – 18:00. Skakel asb. die afrigter, Wessel du Toit by 079 544 1398 vir meer inligting. Onthou dat daar elke Saterdag om 08:00 'n gratis "Parkrun" van 5 km by Hillside Gholfbaan is. Registreer by https://www.parkrun.co.za/register/ vir 'n "Parkrun" en neem u hele gesin vir so 'n uitstappie op 'n Saterdag.

BLIKKIESKOS PROJEK – WONDERBOOM JUNCTION

Die bemarkings bestuurder van Wonderboom Junction wil graag hande vat met al die skole in die nabye omgewing en sodoende hul broodjie projekte te ondersteun. Hul besef die aanvraag is groot by die behoeftige gesinne.
Op 9 April skop hul af met ons Versamel blikkies / Collect a can projek, waar hul hul kliente vra om hulle bydrae te maak. Van 9 April – 6 Mei sal daar bokse uitgestal wees by die Junction waar daar blikkies kos en nie bederfbare items geborg kan word. Na afloop van die insameling word elke betrokke skool genooi om hulle deel van die insameling te gebruik om 'n interessante struktuur te bou met al die produkte. Die skool met die beste struktuur sal geskenkbewyse ter waarde van R4000 wen vir hulle skool. Die skool met die meeste teenwoordigheid wen ook n R2000 geskenkbewys. Skole kan na die projek AL die nie bederfbare items hou vir hulle skool se broodjie projek. As u by Junction is en deel kan wees van die projek sal ons dit baie waardeer.

NASKOOL

Kontak vir Joeanne Tintinger by 081 562 9907 vir meer inligting.

LOSIE / LAPA UITVERHUUR

Ons verhuur die skool se Lapa uit vir funksies met breekware en stoele en tafels ingesluit teen R2 000 per geleentheid, met 'n R500 deposito. U is welkom om die losie te bespreek by ontvangs@daniemalan.co.za of te skakel en met Annatjie Degenaar te praat.

Groete

Hettie Smith

Hettie Smith

Ek, _____ ouer van, _____Gr.____/_____ neem kennis van die omsendskrywe in verband met die kaskar.

Ek gee toestemming dat my kind 18 April om 12:00 mag uitkom. JA / NEE

Ek gee toestemming dat my kind Donderdag, 18 April aan die hindernisbaan en kaskar mag deelneem. JA / NEE

Handtekening: _____

Projekte | Projects

BACH Waste Management

Blikkies | Tins

60 Blikkies | Tins = 1Kg
30 Blikkies | Tins = 0,5Kg

2L Plastiek bottels |
2L Plastic bottles

20x2L Bottels =1Kg
20x2L Bottles =1Kg

500ml Plastiek bottels |
500ml Plastic Bottels

38x500ml Bottels =1Kg
38x500ml Bottles =1Kg

Alle blikkies en bottels moet plat gemaak word voordat dit in gehandig word |
All tins and bottles must be flattened before handing them in

Die Omgewing:

Ons moedig die gemeenskap aan om te herwin.
Die gemeenskap / publiek kan by die skool herwinbare produkte aflos.

The Area:

We encourage the community to recycle.
The Community / Public will also be able to dispose of their recyclables at school

Wat kan deur die publiek herwin word ? | What can be recycled by the public ?

Plastiek sakke|
Plastic bags

Plastiek bottels |
Plastic bottles

Bokse |
Boxes

Papier |
Paper

Blikkies |
Tins

Alle herwinbare produkte moet self skoon en gesorteer wees.
All recycled products must be cleaned and sorted.


WIRELESS & FIBRE
INTERNET SERVICE PROVIDER
TEL: 010 132 9004
MAIL: INFO@JUMBOTECH.CO.ZA
JUMBO
TECHNOLOGIES